


Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619
**Crossroad Gospel Message: FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655**

# Dankie vir jou aandeel!

Jy wat NOU hier lees, is deel van 'n wonderwerk en deel van God se plan! Al ken jy ons dalk glad nie, net die feit dat jy hierdie nuusbrief (eerder 'n boek!) lees, maak jou deel van ons storie. Elke mens het 'n storie...jy het 'n storie, ons het 'n storie...en ons word deel van mekaar se stories. In hierdie brief is verseker 'n woord vir JOU! Ons gebed is dat jy na waters van rus gelei sal word terwyl jy "ons storie" lees. **Ons bid dat die Here deur "ons storie" vir jou ook 'n antwoord sal gee op jou vrae! Amen!**





## 'n Vrouekamp wat uitstaan vir God!

So baie vroue het gebel en hul plek geboek vir ons vrouekamp **Let it Rain** wat verby is **26-28 Oktober** en gevra: **"Waar is Deo Gloria? Waar is Barkley-Wes?"** Party het dit selfs verwar met Beauford-Wes! Vroue het vanuit Britz, Oos Londen, Gauteng, Upington, Bronkhorstpruit en en en gekom en hulle was oorweldig deur die asemrowende natuurskoon van die Noord-Kaap!



Ons hou al **sedert 2005 by Deo Gloria kampe** en elke jaar as ons hier inry, dan ervaar ons die salwing van die Here en word ons so bewus van die sieleoes wat al op hierdie gronde ingekom het vir God se Koninkryk! Hier het al soveel trane van vergifnis, verlossing, blydskap en oorwinning gevloei. Soveel deurbrake en bevrydings!

Ons volgende **Nasionale Profetiese Vrouekamp vir 2013** is DV **25-27 Oktober** weer hier by Deo Gloria! Ons het alreeds 2x60 seater busse volbespreek!



**Let it Rain 2012** is vir ons 'n **persoonlike hoogtepunt** en 'n kamp wat uitstaan bo almal! Elke jaar is uniek en God doen verskillende werk elke jaar, maar hierdie jaar was net spesiaal... Ons het God se Gees op 'n heel nuwe vlak ervaar en beleef. As ek dink hoe ons gedans het op 'n eenvoudige liedjie **"Ek wil dans voor die Here"..**met net 2 kitaardrukke, dan staan ek verstom om te aanskou hoe God vroue vrygemaak het en gedoop het met Sy vreugdeolie...



Die eindproduk!



# DIT WAS HARDE WERK!

Ons knieë was blou, ons bene was styf van scaffolding klim, ons vingers was nerf-af, maar ons harte was vol verwagting!

Ons het **'n span duisend** gehad wat van die Dinsdag voor die kamp tot die Maandag na die kamp vir ons gehelp het en ons sê vir julle uit ons harte dankie. Dankie ook vir ons **naweekspan** wat ingekom het om te help met die bediening! **AL die geld in die wêreld sal nie genoeg wees nie, want deur julle harde werk, het honderde siele vrede, redding, oorwinning gevind!**



René se hoogtevrees totaal oorwonne!



Etenstyd vir die span! Dankie Ferdie vir lekker kos!



Francois span kabels onder die verhoog!



Francois & Tony in aksie!



Coen & Ferdi oefen die Huppel Liedjie!

# LAAT DIT REëN!



Die Here het gesê dit sal reën en Braam het nogals so laggend gevra of hy die pomp moet gaan start... en toe gebeur dit!
Donderdag aand begin ons te oefen en sing die liedjie **"Laat dit Reën"** van Onbeskaamd en die volgende oomblik **breek die hemel oop**!
Dit reën nie net normaal nie...dis 'n wolkbreuk en die water vloei soos 'n rivier voor die saal verby! Ons het almal buitentoe gestorm en Francois Jnr het op sy knieë geval en die Here begin loof en prys!
**God is getrou!! As jy dit kan glo...sal jy dit sien en ervaar!!**





Hoe groot is ons God!

**Die salwing en krag van God het gevloei van die eerste note wat die worship team gespeel het!**

Dit was soos 'n stortreën van seën! Daar was geen keer nie! Die vroue het gedans en die Here aanbid met oorgawe! Ons het 'n profetiese aksie gedoen met van die vroue wat uitgestaan het die aand na Francois se kosbare woord en aan hulle **"Jesus se gebreekte liggaam"** bedien. Dit was oorweldigend en ek het nog nie soveel trane gesien vloei nie!
Selfs ons eie span is deur God se Gees aangeraak. Ons het vir Coen bedien en die Here het hom weggeruk in 'n hemelse toestand waarin hy nie geweet het wat met hom gebeur nie...hehe...hy het nie eens sy eie vrou herken nie!
Ons het bitter laat daardie Vrydagnag tot ruste gekom, maar ons kon nie eens slaap nie agv die salwing wat net bly vloei het!



God se Gees haal die las af!



**Saterdagmiddag is 57 vroue gedoop met die bekeringsdoop!**

Kyk, as jy nie self daar was nie, is dit moeilik om te beskryf watter Goddelike atmosfeer en salwing daar geheers het nie. Jy kan dit net nie beskryf nie. Daar was 'n ongekende JOY!





Na die doop het ons 'n profetiese aksie gedoen en almal wat wou, het die **"laste wat op hul rug was se letsels en bloed"** afgewas! Dit was verfrissend en jy kon voel hoe jy soos 'n nuwe mens uit die water opkom...**VRY!**

Nou ja, toe gaan **CELEBRATE** ons verder en ek dink selfs die engele in die hemel kon hul lus nie hou en het saam met ons God kom loof en prys!




## DAL VAN DOODSKADUWEE

Francois het ons bedien uit Psalm 23, al gaan jy deur 'n dal van doodskaduwee... God maak jou hoof vet met olie...jou beker loop oor!Daarna het ons elke vrou..ja ELKE vrou...gekroon as "Ester", en haar hoof vetgemaak met olie. **2 Liter Salfolie!!**








Daarna het Francois al die manne wat op die kamp gehelp het, gevra om in die middel van die vroue te gaan staan en hulle het ingetree vir elke vrou se man by die huis. **Ons het God aangeroep vir elke huwelik en die getuienisse stroom steeds in!**






Die Sondagoggend het ons 'n **"WOORD REëN"** aksie gehad! Daar het nie **EEN** vrou huistoe gegaan sonder 'n **WOORD VAN GOD** nie.




Ons liggame was bitter moeg, maar ons gees was versterk en ons het die Here geloof vir Sy ontsagwekkende groot dade! **Gaan kyk gerus op ons web-site na al die fotos, dis net te veel om alles hier te wys! Of loer in op ons FACEBOOK.**




**Dankie Vader, Seun & Heilige Gees!**

**AMEN!**

**Kruispad Span**

# Kruispad wil saam met JOU DORP OF STAD God se Koninkryk bou!!

**Hoe doen ons dit??**

**RESTORASIE**

**TOERUSTING**

**POSITIONERING**

Afrikaanse Christelike TV-Kanaal

**TV UITSENDING**

**Lukas 14:23**

- **NB!!** Hoor eers by die Here of ons moet kom en wat God wil doen in jou dorp/stad!
- **Bepaal 'n DATUM** - Boek asb vroeg in die jaar! Beperkte naweke oop.
- **Reeksdienste is Don tot Sat - NIE Sondae nie**, mits dit deur jou kerk so gereël is.
- **Kry 'n dinamiese, doelgerigte SPAN** om jou te help met reëlings & intersessie.
- **Kry die geskikte PLEK** afhangende van watter tipe uitreik dit is. Maak seker **ALMAL** is welkom by hierdie venue.
- **Adverteer lokaal** en sit **POSTERS** van Kruispad op (ons voorsien die posters)
- **Voorbereiding van venue** (stoele, tafels, tee&koffie ens)
- **OPVOLGSPANNE!** Baie belangrik!
  - **Kostes:** Donasies welkom, ons doen gewoonlik 'n **OFFERANDE** waar ons bedien.
  - **GEE GOD AL DIE EER VIR SY WERK!**



**Busfonds Visie...(scroll down!)**

**Hierdie bussie moet die Kruis Boodskap uitdra...**

# BUSFONDS VISIE

Delarey van Huysteen en Francois Oosthuizen is die direkteure van 'n baie jong opkomende maatskappy wat spesialiseer in brandstof kontrole sisteme wat besig is om die land met 'n groot impak te tref ! Alhoewel dit 'n relatief nuwe besigheid is en hulle finansieël nog in 'n groeiproses is, staan hulle vas op God se saai en maai beginsel! Hulle het by die Here gaan vra waar moet hulle saai en dit is wat God vir hulle gewys het:


**NEWCOM FLUID MANAGEMENT (PTY) LTD**
*Registration nr: 2008/022529/07*
*Tel: 082 371 9582 / 082 700 1512*
*Email: admin@newcomfluid.co.za*


***"Open 'n fondsrekening vir hierdie bussie waarin julle NEWCOM se saad moet saai. Maar ook sodat verskeie mense deel kan word van hierdie belofte. My seën sal op hierdie fonds en elkeen se saad rus."***

**Crossroad Bus Fonds**
**FNB 62337860177**
**Takkode: 250053**

# Wil JY deel wees van hierdie wonderwerk?

**Fonds 4/11/2012**
**R75 646**

- **Besighede:**
- Kruispad sal vir enige bedrag van **R5555+** (**kan oor 'n termyn betaal word**) u onderneming op die bussie adverteer (15x10cm) asook op ons **webtuiste**.
- 
- **INDIVIDUE:**
- Here wys die bedrag van **R555+** oor 3 mnde of eenmalig.
- **Volledige lys van al ons borge sal op ons website verskyn saam met die groot GETUIENISSE!!!**



## Wat is die simboliek en betekenis van die getal 5???

## Scroll down!

# GOD RIG KONINGS OP, NIE 'N MENS NIE!

# The AWESOME MEANING of the NUMBER 5 & 555

**The number 5** is, without a doubt, the number for **grace and redemption**. It is the number that is associated with the future translation of the Church. All of these themes can be discovered in the Authorized Version of the Bible.

First we find, that the **5th** time Noah's name is mentioned, **it is mentioned with Grace**.

## *(Gen 6:8) "But Noah found grace in the eyes of the LORD."*

It might also be mentioned that Noah was **500 years old,** when he begat the lineage that was to repopulate the earth after the flood. The first time Noah's name is mentioned is in **Genesis chapter 5**. The Bible tells us that the flood waters prevailed on the earth for exactly **150 days.** This breaks down to **5 months**. You may have noticed that in the King James Bible, Noah's name is spelled differently in the Gospels, but not in Hebrews, or the two epistles of Peter. In the Gospels it is spelled **"Noe."** Did you ever wonder why? Maybe it has something to do with the fact that **his name spelled this way exactly 5 times.** The last time Noah's name is ever mentioned is in II Peter chapter 2 verse **5**. The **40 day** time period that it rained on the earth is found **5 times in the book of Genesis**, the last time being found in chapter **50**.
Now, let's look at a phrase in the Bible that is associated with grace.
(Acts 20:24) "But none of these things move me, neither count I my life dear unto myself, so that I might finish my course with joy, and the ministry, which I have received of the Lord Jesus, to testify the gospel of the **grace of God**."
Through this and other verses, we understand that true grace is God's grace. It is his unmerited favor to all who will receive it. This phrase "**grace of God**" is found in two forms; "**grace of God**" and "**grace of our God**". Together, they are found in **25 (5x5) verses**, exclusively in the New Testament.
**Our Savior is associated with the number 5.** In Isaiah, he is given **5 titles. (Isa 9:6)** "For unto us a child is born, unto us a son is given: and the government shall be upon his shoulder: and his name shall be called **Wonderful, Counsellor, The mighty God, The everlasting Father, The Prince of Peace**." He arrived on this earth at the beginning of the **5th millenium from Adam**.

As the number for Antichrist is **666**, **the number for Christ is 555**. Why? **The word "Christ" is found exactly 555 times in the Bible!** The first occurrence is Matthew 1:1, the first verse of the New Testament, and in Revelation 22:21, the last verse of the New Testament, literally, he is the first and the last. His title as the "**only begotten son**" is found exactly **5 times in the Bible.**



## J+E+S+U+S = 5 = GRACE!

## Hierdie is dan ook die getal wat ons gebruik vir ons Kruispad Konings!

Jy kan vanaf so min as R55 per maand, 'n **Kruispad Koning** word! Ons **Stratcol D/Order Vorms** is beskikbaar en jy kan dit aflaai van ons webtuiste **www.crossroad-ministries.co.za** of kontak ons as die Here jou oprig om 'n koning te word!

Ons loof die Here vir elke Kruispad Koning wat hierdie bediening moontlik maak en kosbare instrumente in God se hande is. Die oes is ontsagwekkend groot en ons sien met groot verwagting uit na 2013 as Jesus vertoef om te kom. Ons bind God se guns en voorsiening styf vas aan julle!!

# KRUISPAD SAAI UIT OP KRUISKYK!

**Ons saai vanaf 14 September 2012 uit op Kruiskyk en ons uitsendings is elke**

## Vrydag @ 10:30

**Ons loof die Here vir die geleentheid om ook só die Kruisboodskap te verkondig!**

**As jy nog nie weet hoe om jou DSTV dekoder in te skakel op kruiskyk nie, hier is die settings**
**(bel ons asb as jy blond is en dit nie verstaan nie..lol!)**

Druk **menu•** Gaan na opsie **7 "Advanced options"** en druk **OK•**
Gaan na opsie 1 **"Dish installation"** en druk **OK•** Druk pin kode in **9949** en druk **OK•**
Gaan na opsie 2 **"Network 2"** selekteer **"Other"•** Gaan na opsie 6
"**Scan all Networks"**en druk **OK**

### Om na Kruiskyk te Kyk•

Druk TV knoppie• Selekteer IS 7 opsie (Onder) en druk OK• Soek vir Kruiskyk

### Om terug te gaan na DSTV•

Druk TV knoppie• Selekteer DSTV opsie (Bo) en druk OK•
Kies u DSTV kanaal

**Indien u gelei voel om finansieël te help om hierdie program te borg, ons het dit werklik nodig! Kontak René by 073 258 2688 of (018) 473 5354**

# UITSENDINGS WAT TANS BESKIKBAAR IS OP DVD:

**DVD's @ R40 + R10 Pos & Verpakking of enige donasie soos die Here lei.**

OP die volgende bladsy sal u 'n uiteensetting kry van ons laase 12 uitsendings. Ons vra dat julle hierdie DVD's sal bekom en sal versprei. Dis dalk die manier wat God wil gebruik om die regte Woord vir die regte persoon te bring! Daar is geen kopiereg op ons DVD's nie en u is welkom om kopieë te maak soveel jy wil!

# GROOT GETUIENISSE EN BEMOEDIGINGS SELFS VIR ONS!

**Van die SMS'E wat ons al ontvang het...**

*" God het met my gepraat, want ek bid so lank dat God my kind uit dwelms en my man, my familie red."*

*"Ek het julle program gekyk, self moedeloos gevoel deur omstandighede, maar die Here sê op daai oomblik: "Staan op van jou omstandighede en gee vir René 'n woord van bemoediging wat haar siel opnuut sal verkwik en sal laat sien die gebed van haar siel het by die troon van God uitgekom en die wolkie wat soos 'n man se handgrootte is, sal neerdaal waar sy bedien en die reën sal neerdaal en mense sal weet God kom hulle in hul woestyne met die laat reëns deur. Deut 32:36 Mariette"*

*"Jul program en liefde oorweldig ons hart! Geseënd sal julle wees. Die wat in ons Vader glo sal nie teleurgestel word nie. H van Brakpan"*

*"Ps René, die Here het jou vandag gebruik om hierdie vermoeide siel uit 'n gat van wanhoop te lig. Tina"*

*"Pastoor Francois, ek het so pas op Kruiskyk na u gekyk. Vir my was dit 'n boodskap van die Here! "*

**Dankie Here vir elke siel wat hierdeur aangeraak en verander word!**

# KRUISKYK UITSENDINGS

## DVD'S @ R40 Elk

## Posgeld & Verpakking = R10

| UITSENDING DATUM | TEMA | KORT OPSOMMING |
|---|---|---|
| 14/9/2012 | Laat jou Hart nie Ontsteld word nie! | Ons lewe in 'n moeilike tyd en mense raak maklik onsteld, maar daar is 'n uitweg....<br>**Kan verseker iemand se lewe verander!** |
| 21/9/2012 | Die Aanvalslyn van Satan | Alles begin by 'n leuen, maar waarheen lei dit en hoe stop jy dit! Hoe ontstaan depressie..<br>**Hierdie DVD bevat kosbare openbarings wat lewens kan red van selfmoord!** |
| 28/9/2012 | God wil jou Losmaak! | Waaraan is jy vasgemaak? Wie hou jou vas? God wil jou losmaak, want Hy wil jou gebruik!<br>**As jy nog nooit gedink het God kan JOU gebruik nie, wel hierdie DVD is vir jou!** |
| 05/10/2012 | Wanneer God hardloop! | Daar is net 1 plek in die Bybel waar God gehardloop het... Verhaal van die verlore seun en hoekom die vader (simbool van God) gehardloop het. **Awesome!** |
| 12/10/2012 | Die Seun by die Huis | Die verlore seun se broer was bitter ontsteld oor sy broer wat skielik 'n heldeverering kry. Hoe sien sondaars en mense die kerk?<br>**Musiek: Master of the Wind (Ps Francois&René)** |
| 19/10/2012 | Cliff of Dover | Is dit nie tyd dat jou ou skepe (verlede) verbrand word nie? Masjeer vorentoe!! We will Ride!<br>**Musiek DVD: Behold the Lord upon His throne (Ps Francois)** |
| 26/10/2012 | WIE of WAT dra jy op jou Rug? | Opname gedoen in ons NWBC van Sondag 14/10. Die baggasie wat ons dra, hoekom ons so vasklou daaraan en hoe satan ons net meer en meer wil laai...<br>**SA GOD RALLY Advertensie / NWBC Advertensie** |
| 02/11/2012 | Wat is jy Werd? | Opname vanuit ons NWBC van Sondag 30/09. Wat is jy werd en hoe die vyand ons waarde wil verminder en ons verneder, maar wie ons in Christus is!<br>**Musiek: Blye Versekering (Ps Francois & René)** |
| 09/11/2012 | Hy het reeds! (opvolg op 26/10/2012) | Opvolg van **"Wie of Wat dra jy op jou rug?"** Moet dit nie mis nie, want hier beeld Ps Francois die groot werk wat Jesus deur die Kruis en Sy Heilige Gees kom doen het, onverbeterlik uit! |
| 16/11/2012 | Profetiese Woord & Getuienis van Let it Rain | Ps René van den Bergh getuig en wys uittreksels van **Let it Rain Vrouekamp 26-28 Okt** en bring ook 'n Profetiese woord van bemoediging vir jou! |
| 23/11/2012 | Warrior of Coward? | 'n Baie harde, maar kragtige woord van vermaning! Wat is die verskil tussen **ware WARRIORs wat opstaan vir God en sy Woord** en 'n **lamsakkige COWARD,** 'n sogenaamde Christen **wat "dood-dood" speel** as die duiwel hom/haar aanval en wat die kring van spotters vertoef? 'n DVD wat jou 'n ander uitkyk gee op Christenskap! |
| 30/11/2012 | Kruispad & Stunters4Christ in Groot Marico! | 'n **Hands-on, eerstehandse ervaring** van ons bediening saam met **Stunters4Christ!** Sien hoe dra ons die Evangelie van Hoop uit deur stunters met hul bikes te gebruik wat wedergebore kinders van God is. **Die Evangelie op 2 wiele...beslis in 'n nuwe taal**! |

**GEEN KOPIEREG OP ONS DVD'S NIE!**
**VERSPREI DIE WOORD! MAAK SO VEEL KOPIES AS WAT JY WIL!**
**MOET DIE NET NIE VERKOOP NIE! SAAI DIT!**

# Ons Sonskyn se Groot Dag!





## Mnr & Mev Claassens

**Kyk, dis een ding om jou vriende se kinders te trou, maar dis 'n ander ding as jyself met jou eie, enigste dogter die paadjie moet afstap...**

**12 Oktober 2012** was vir ons 'n dag wat ons sekerlik vir ewig sal onthou.... Ons eersgeborene se troudag! Pieter & Sonja kom al 'n lang ruk saam en ons weet ook dat hulle albei die Here liefhet en die belangrikste van alles is dat hulle **God se toestemming gevra het**. Al loop dinge soms nie soos ons dit beplan nie, as jy God ken in alles en Hom liefhet met alles in jou, sal alles ten goede meewerk. **BLY NET IN GOD SE WIL! Dit was ook ons boodskap aan hulle op hierdie groot dag!**





Ons het bitter hard gewerk en as julle sal onthou, ons groot Nasionale Vrouekamp was 2 weke verder, dus het ons bitter min geslaap! Ons loof die Here dat alles vlot verloop het, dit was 'n pragtige dag! God is goed!

Ons verwelkom vir **Connie & Coen Claassens** in ons Kruispad familie en dis so wonderlik as jy skoonfamilie bykry wat God ken en saam vir God se Koninkryk kan werk! Hulle is voorwaar mense met integriteit en ons weet dat ons kinders toegevou is in ons gebede en liefde! **Baie geluk Mnr & Mev Claassens!**



## Baie geluk aan Mnr & Mev Strauss!

Dit was ook 'n groot voorreg om 'n dag later, op **13 Oktober** Rientjie & Hendrik van Wyk (North West Bikers Church lidmate) se enigste dogter, Glizelle te trou in Orkney!

Ons wens vir **Glizelle & Handré** al God se vrede, wysheid, guns en sterkte toewens vir die lewenspad wat vir hulle twee voorlê! Ons weet dat hulle ook 'n pad met God stap en verseker weet dat Jesus Christus die enigste hoop is vir 'n suksesvolle huwelik!

**Die Here se seën rus op julle en jul families, amen!**




# Ons gaan GROOOOOT!

Ons datum moes agv ons venue verskuif na die, maar dit gee ons nog bietjie tyd om alles 100% in plek te kry, want daar gaan baie te sien & te doen wees vir **oud en jonk, bikers en die publiek**! Hierdie is 'n **FEES** vir almal!




**Zerabi Lodge** (geleë op die N12 tussen Potch & Klerksdorp) stel vir ons hul terrein beskikbaar aangesien hierdie hele rally ten bate van **Place of Restoration** is. Vir meer inligting oor Place of Restoration, gaan gerus na ons website: www.crossroad-ministries.co.za.

**Dagbesoekers:** Die ingang vir volwassenes is slegs R30 (1 Des) en bikers kan ook 'n **staal/lap badge** koop @ R20, maar dis nie verpligtend. Kinders tussen 13-18 is R20 en onder 12 jaar is **GRATIS!** Dus kan die hele familie kom teen 'n minimale ingangs-fooitjie!

**Oornag besoekers:** Jy kan Vrydag 30 Nov @ 12:00 al inkom en jou tentjie kom opslaan vir net R50 (volle 2 dae!)

**UITSTALLERS:** Daar gaan hope **kuns & kosstalletjies** wees en indien jy graag wil uitstal, kontak ons by (018) 473 5354! Die prys vir 'n stalletjie is slegs **R250**! Daar is nog plekke beskikbaar!

**VERMAAK:** Oeeee! Ons gaan julle besig hou met net die beste! Daar gaan 'n **Skattejag Kompetisie** wees vir oud & jonk, **Idols** vir ons opkomende sangers, **Sterkman Kompetisie**, **Skyfskiet**..nie Skeefskiet nie LW!, **Battle of the Drums** vir al ons drommers, **Ring of Smoke** vir die bikers wat 'n tyre mag en kan brand, **Power Hour** vir ons getroude couples (18+), **Country Show**, **Dansers**, hope **pret vir ons kinders** en die lys gaan aan en aan....!!!!!!!!!

**"Jy raak ontslae van al jou STRESS en ons word GEBLESS!"**



# DIENSTYE / SERVICE TIMES 2012

Ons dienstye gaan so bietjie fluktueer vir die res van **2012** en ons gee graag vir julle die korrekte datums deur:

## 25 November, 2 Desember

**16 Desember -** Doopdiens & Braai na die diens!

***Onthou! Ons deure staan oop vir almal.. biker of non-biker!***

---

PREDATORS MCC

**Memorial Run @ R25**
**17 Nov 2012, Pirate Inn**

**Starting time: 14:00**
**Contact: Pres Johan @ 082 534 2929**
**Vice Pres Jimmy @ 083 252 1045**

**18 Nov 2012**

TOY RUN
www.toyrun.co.za

Oop vir ALMAL!

**Oppenheimer Stadion**
**Contact:**
**Spikes @ 082 461 2507**

## Ons samel speelgoed in vir ons Toyrun!

Francois en van ons lokale NW Bikers Church lede het Saterdag **3 November** vir die hele dag voor Pick & Pay gestaan om speelgoed en geskenkies in te samel vir ons jaarlikse Toyrun.

Hierdie speelgoed wat ook lewensmiddele insluit, word dan versprei tussen ons lokale kinderhuise en waar ons behoeftes identifiseer.
Dankie vir elkeen wat bygedra het om hierdie dag 'n reuse sukses te maak. **Sien julle 18 Nov 2012 met ons Toyrun fees by die Oppenheimer Stadion in klerksdorp!**




# www.nwbikerschurch.co.za

Besoek gerus ons webtuiste! Vir diegene wat graag wil lidmate word, kan julle ons aanlyn aansoekvorm voltooi. Indien jy net 'n gebedsversoek of navraag het, e-pos vir ons na **admin@nwbikerschurch.co.za** of skakel ons by **(018) 473 5354**

**NORTH WEST BIKERS CHURCH, FNB 62285123841. TAKKODE 250053**




**Crossroad Bikers Church Network SA & Namibia**
**Head Office: (018) 473 5354 info@crossroad-ministries.co.za**
**www.crossroad-ministries.co.za**

| CBCN CHURCHES | | |
|---|---|---|
| NORTH WEST | PS FRANCOIS V/D BERGH | 079 498 6099 |
| WEST RAND | PS JOHAN VAN ECK | 082 371 2625 |
| CENTRAL JHB | PS JOHAN VAN ECK | 082 371 2625 |
| EAST RAND | PS BRETT MCDERMID | 083 258 8271 |
| PRETORIA | PS COBUS SIEBRITS | 082 435 4262 |
| VAAL TRIANGLE | PS WYNAND VIVIERS | 084 973 9601 |
| WESTERN CAPE | PS WILLIAM LAUBSCHER | 082 949 9610 |
| STELLALAND | PS JOHAN MEINTJES | 072 257 4876 |
| MARITZBURG | PS PIERRE MAREE | 082 870 0722 |
| MPUMALANGA | PS HELEEN WALKER | 079 526 4622 |
| WEST COAST, NAM | PS PIETER FOX | +264811242523 |
| SABIE | PS SEAN BUSHNEY | 072 455 6565 |
| LOWVELD, NELSPRUIT | PS HENNIE ERASMUS | 082 852 6833 |
| RICHARDS BAY | PS ALAN LAWRENCE | 082 377 9559 |
| **CBCN MINISTRIES** | | |
| CBCN OUTREACH | PS ORF OOSTHUIZEN<br>PS SMOKEY JOUBERT | 0837524441<br>0797366719 |
| STUNTERS4CHRIST | PS WILLIE BRUWER | 082 417 5730 |

# CBCN Nuus!

Ons beleef 'n nuwe seisoen vir die **Crossroad Bikers Church Network (CBCN)** en op **27 September** het ons ook ons Executive Board bestaande uit 6 lede omgeskakel na 'n **Demokratiese Brother2Brother Struktuur** waar elke Senior Pastoor van elke CBCN kerk of ministry 'n stem het.

Ons verwelkom ook vir **CBCN Outreach** wat 'n bediening in die CBCN is met die doel om toekom-stige kerkplantings te hanteer en hul strukture in plek te bring en te monitor.

**Ps Orf Oosthuizen & Ps Smokey Joubert** dryf hierdie bediening en hulle was ook Saterdag saam met ons op Groot Marico om hulp te verleen.
Dit sal dan ook deel uitmaak van CBCN Outreach om die netwerk kerke en bedieninge te ondersteun waar hulp nodig is met uitreike ens.



**Ons verwelkom hulle in ons netwerk en weet dat die Here hul doel-treffend wil en gaan gebruik om bikers regoor die SA en wyer te evangeliseer in samewerking met al ons netwerk kerke. Amen!**

## KONTAK BESONDERHEDE:

**Ps Orf Oosthuizen @ 083 752 4441** orfoosthuizen@vodamail.co.za

**Ps Smokey Joubert @ 079 736 6719** jbrtchrs@yahoo.com

# Groot Marico 10 Nov 2012











## GROOT Marico…'n KLEIN plekkie met 'n GROOT HART & GEES!

**Kruispad Boodskap en Stunters 4 Christ** het die pad geslaan Groot Marico toe...deur al die pot holes tussen Ventersdorp en Swartruggens tot in groot Marico vir die **N.L.B Klub se Toyrun dag op 10 November**.

Ons Kruispadspan het al Vrydag gery en langs die Groot Marico dam gaan afpak. Die sonsondergang oor die dam was asemrowend en ons het sommer lekker vleisgebraai en onsself geestelik en liggaamlik gereed gemaak vir Saterdagoggend se bediening.

Saterdagoggend het ons vir Willie & Heleen Bruwer van Stunters in groot Marico ontmoet saam met die hele Stunters span. Dankie Willa vir 'n lekker ontbyt! Ons innerlike was behoorlik versterk en die lagspiere seer....

## Toe begin die werk...

Ons het klank opgeslaan, die stunters het hul fietse opgewarm en ons was gereed....maar daar was omtrent nie 'n siel nie! Waar is die mense dan? Die ergste van alles was...dit was regoorkant die **begraafplaas!**

Ons het so 'n paar minute na 11:00 begin nadat Francois 'n onderhoud met Stunters gedoen het vir ons **Kruiskyk Uitsending van die 30ste Nov @10:30** ....ewe skielik het dit gewemel van nuuskierig mense! Oud en jonk, swart en wit, pienk & pers....die hele Groot Marico was daar!

Ons het ook vir **Orf Oosthuizen** van die **CBCN Outreach**, **Smokey Joubert** en hulle span saam met ons gehad wat gehelp het met die bediening. Dankie vir jul commitment!

**13 Mense gee hul lewens oor aan Jesus Christus!**

Ons gee God al die eer! Ons het in ons wildste drome nie verwag so baie mense gaan uitkom nie...wys jou net! As God werk staan die dooies op! Hallelujah!







# Kruispad Vriende & Vennote


**C-track** Intelligent Solutions

***We urge all companies and friends to support this company who perfected vehicle tracking!***

**C-Track Contact Details:**
**Tel:** +27 12 450 2325 • **Fax:** +27 86 611 0591
**Website:** www.ctrack.co.za

**C-Track - Official Sponsor of the SA GOD RALLY 2012**


louisgerber7@gmail.com

CAREER ACHIEVEMENTS

- 2000 Mr. Universe WPF Jnr
- 2002 SA Champion Snr
- 2005 Millenium Gold Plate Snr, Overall Winner
- 2005 WPF SA Champion Snr, Overall Winner

Phil 4 verse 13 "I can do all things through Christ. He strenghtens me."

**Louis is also a dedicated, active member of the North West Bikers Church.**




The Laundry Basket




Washing, Ironing, Folding of all materials including curtains, blankets and bedspreads!
Elna : 072 5933 639
Makro Vest Centre Coobah Complex (opposite Bakers Bin)




**Tel:** 018 464 2332
**Fanie Claassens**
**082 257 3991**
**bargainhuntersklerksdorp@gmail.com**
16 Joe Slovo Drive, Klerksdorp, North West

**Trailer Rentals • Trailer Spares • Furniture**

**Ricus @ 073 330 6981**
**Professionele Bouwerk**




**Contact**
**Judy Kirstein**
**082 552 9131**



*Naaldwerk*
Trourokke • Nuwe Ontwerpe • Herstelwerk
**Magda De Beer @ 082 293 0323**
*Sy doen haar werk met passie & liefde!*



**Tuindienste met 'n verskil!**

**Christo Neuhoff @ 073 253 1504**
**christon@shaftsinkers.co.za**
**Orkney, Noord-Wes**

Christo is 'n toegewyde kind van God en lid van ons NWBC!
**Dankie vir uitstekende dienste!!!**

**LOOK & BUY**
120 OR TAMBO ELLATON KLERKSDORP
GAWIE ERASMUS 083 409 4730
FREE QUOTATIONS
BUY AND SELL OF ALL SECOND HAND GOODS

**Wil jy hier adverteer?**
**René @ 073 258 2688**

# Seëngebed!




Vader, baie van ons moes groot storms trotseer hierdie afgelope tyd wat betref ons werke, finansies, kinders, eksamens, stakings ens. Ons is moeg na liggaam en gees en roep U aan in Gees en in Waarheid om ons aan te doen met nuwe krag. Ons wil op U wag vir nuwe krag en verkwikking, want U is ons bron van krag.

Vader, in die Naam van U Seun, Jesus die Christus, wil ons elke mens seën wat nou hier lees. Vou hom/haar toe met U beskerming, liefde, guns, krag en vervul hul hartsbegeertes wat volgens U wil is.

Dankie dat ons weet dat alles moontlik is as ons glo. Here, ons GLO vandag dat U ingryp in elke situasie wat vir ons onmoontlik lyk en dat ons nou vrede kry en weet U is in beheer! **AMEN!**

## Bid en stem ook met ons saam vir die volgende:

- Ons dank God vir ons Vrouekamp wat uiters geseënd was en vir elke lewe wat verander is deur God se krag!
- Ons seën elkeen wat bygedrae het om vrouens te borg en hierdie kamp moontlik te maak in Jesus se Naam!
- Vir voorsiening in ons lopende finansiële behoeftes. Benodig +/- R5500 pm om ons begroting te dra vir Kruispad agv baie Kruispad Konings wat ons verloor het en nuwe projekte wat ons aangepak het.
- Vir borge vir ons Kruiskyk Uitsendings (Totale Kostes beloop R2500-R3500 p/m)
- Vir die ontwikkeling op Makwassie, Place of Restoration. Ons wil graag 2 skure opsit vir 'n saal & kantoor kompleks.
- Dat elke man en vrou wat in God se bediening staan, bonatuurlike guns en seën sal ervaar oor hierdie vakansietyd wat voorlê. Bederf hulle Here!
- Die beskerming van ons en elke ander huwelik. Ons weerstaan die vyand se aanslae en verklaar dat Goddelike koorde van liefde ons aanmekaar gebind het vir ewig!

# www.crossroad-ministries.co.za

**BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:**

**CROSSROAD GOSPEL MESSAGE**
**FIRST NATIONAL BANK**
CHEQUE ACCOUNT: **62355533540**
BRANCH CODE: **250053**

Dankie vir elkeen wat gee om hierdie groot opdrag suksevol en in uitnemendheid uit te voer!

**Wat is jou getuienis?**
**Deel dit met ons!**
**E-pos, Skryf of Fax jou getuienis vir ons!**



**Ons is lief vir julle!**
**Francois & René**
**XXX**